Vrydag 22 Januarie

Skrifgedeelte: Deuteronomium 6:1-9; 11:19 (1033/53-vertaling)	Fokusgedeelte: Deuteronomium 6:6-7

Koninklike kinderklanke

Besonder gelukkig is jy en jou familie as julle “die geklank ken”, roep Psalm 89:16 (OAV) jou toe. Dit gaan oor die héérlike geklank van die Here se Woord en sy insettinge wat “soos ’n lied” jou aardse lewe vervul (Ps. 119: 54). Dié lied kom natuurlik nie sommer-so nie! Van heel kleinsaf mag en moet verbondskinders dit leer. En wie anders is dit, in die eerste plek, wat hierdie “Koninklike kinderklanke” aan hulle moet leer? Wie anders as jy en ek, verbondsouers en verbondsgrootouers?

Deuteronomium trek hierdie kinderklanke saam in die lied van die liefde tot die enigste ware God. Jy moet “die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag” (Deut. 6: 5). Daaraan voeg ons Here Jesus Christus nog uit Levitikus 9:18 toe “die tweede (gebod) wat hiermee gelykstaan: jy moet jou naaste liefhê soos jouself”.

Wat ’n voorreg om, deur die krag van die Heilige Gees, hierdie geklank diep vanuit die klankbord van jou eie hart na jou verbondskinders toe te laat uitklink. Skerp hulle dit in! Praat daaroor, diep en indringend! “As jy in jou huis is”… maar hoeveel tyd bring ons nog met ons gesinne dáár deur? By etes – dié uitnemendste geleenthede! Maar … eet ons nog régtig saam … en daarná dan die kosbaarste saam-tydjie: Huisgodsdiens?

Práát met jou kinders oor die liefde tot God en jou naaste “… as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan”! Wat ís tog die probleem dat ons dit vandag so selde doen? Maak ons dalk, mét al ons kerkvernuwing, ’n geslag heidene groot: “post-Christelike” heidene?

Sing: Psalm 89-1:6

Dr. PP (Paul) Krüger (Emeritus)